

Liefde sonder grense!

Ma 16 Nov 2020

1 Jon 4:16

“En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin.

God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom.”

Bronne Smit N. 1995 Liefde Sonder Grense. P.6-9)

Chapman G. <https://jougesin.solidariteit.co.za/ontdek-mekaar-se-liefdestaal/>

Gary Chapman het ‘n boek geskryf met die titel: **Vyf tale van die liefde!**

Hy is ‘n kenner op die gebied van verhoudings en huwelike. Na sy mening is daar vyf tale, vyf maniere waarop huweliksmaats liefde gee of ontvang.

Hy noem dit **Vyf tale van die liefde:**

- **Opbouende woorde,** Dit is komplimente, bemoediging, vriendelikheid en waardering.
- **Gehaltetyd,** ‘n Tyd wat jy net aan mekaar spandeer tydens ‘n ete net op mekaar gefokus.
- **Geskenke,** Om met oorgawe en entoesiasme iets te gee, blomme of handgemaak of duur geskenke.
- **Diensbaarheid** Om mkaar te help met skottelgoed was of wat ookal.
- **Fisieke aanraking.** Liefdevolle aanraking, missienet drukkie van bemoediging of om hand aan hand te loop.

Aardse liefde. Ek noem dit aardse liefde. Want vir aardse liefde is daar altyd ‘n teenprestasie nodig. Om te wys dat ek vir jou lief is, moet ek iets doen, soos bv die vyf tale van liefde. Ons wil so graag ‘n fisiese bewys hê of fisies bewys dat ons vir iemand lief is.

Maar daar moet darem erkenning en dankbaarheid en dikwels iets terug gedoen word.

MAAR

God is liefde! Dit lees ons twee maal in 1 Joh 4:7-21. Dit is nie ‘n eienskap of iets wat God moet doen of bewys nie, dit is wie God is. **God is liefde!** God is nie bietjie goed, bietjie vol liefde, bietjie vrygewig nie. **God is liefde!**

Daarom die uitsonderlike verstaan van liefde en God. **‘n Liefde sonder grense!**

“God se liefde is totaal anders as wat ons verstaan.

God het ons eerste liefgehad.

God het ons geskape na sy beeld.

God het ons geskape met ‘n doel.

Sy liefde dateer uit die tyd toe ons nog sondaars was wat ver van Hom gelewe het.

Sy liefde is onvoorwaardelik, dit vra niks in ruil nie, dit is liefde sonder grense.

Hierdie liefde het God vir al sy kinders ten spyte van ons twyfel en ongeloof en die feit dat ons sondig en Hom telkens bedroef en teleurstel.

Sy liefde vir ons bly dieselfde, gister, vandag en tot in ewigheid.

Dit is ‘n liefde wat selfs nie sy Seun ontsien het nie, maar Hom oorgegee het om vir jou en my gekruisig te word.

Om God lief te hê beteken dus dat jy in ‘n verhouding inbeweeg waar jy onvoorwaardelik en algeheel liefgehê kan word.” (*Smit N.1995:p6-9*)

God se liefde is dus ‘n liefde sonder grense!

God se liefde is volmaak!

Ons is ontsettend bevoorreg om God se geliefdes te wees.

Amen (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)